## *VERJAARSDAE 31 OKTOBER TOT 6 NOVEMBER 2010*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10/31 | MILANÉ | PICCIOLI | DE LA REYWEG 26. | Blok 4 |
| 10/31 | DAWIE | BAUER | DF MALANLN 257 | Blok 1 |
| 10/31 | FRANCOIS | CRAFFORD | HANS STRIJDOMLN 182 | Blok 2 |
| 11/01 | JOEY | VAN ZANTEN | DE LA REYWEG 51A | Blok 4 |
| 11/02 | LIRA | BARNARD | MOLTENOWEG 50 | Blok 2 |
| 11/02 | CATHY | ANDERSON | DF MALANLN 243 | Blok 1 |
| 11/03 | LEONETTE | SMIT | HANS STRIJDOMLN 194 | Blok 2 |
| 11/04 | WYNAND | FASCHING | HANS STRIJDOMLN 29 | Blok 4 |
| 11/04 | ANSIE | BLIGNAUT | HANS STRIJDOMLN 199 | Blok 1 |
| 11/05 | JACKIE | COX | DF MALANLN 249 | Blok 7 |
| 11/05 | STOFFEL | ROETS | HANS STRIJDOMLN 158 | Blok 2 |
| 11/06 | CARLA | OLIVIER | FLEURPARK WS 3 | Blok 1 |
| 11/06 | ZOEY | VAN WYK | VAN RIEBEECKLN 72 | Blok 3 |

***HUWELIKE : 31 OKTOBER TOT 6 NOVEMBER***

SONDAG, 31 OKTOBER
WILLIE EN TANIA NEÜ — CELLIERSLN 249 — Blok 4
WOENSDAG, 3 NOVEMBER
HENRI EN BETSIE JONKER — 6DE STRAAT 8 — Blok 1
SATERDAG, 6 NOVEMBER
DAVE EN LYN DE BRUIN — KRUGERLN 187 — Blok 2

### *VRIENDELIKE VERSOEK …*

Daar is nog ouers wat nie hul kinders se ID-nommers deurgegee het nie.

Met die registrasie van geboorte is 'n sertifikaat uitgereik en die nommer wat daarop verskyn is die toekomstige ID-nommer

Dit is noodsaaklik dat ons dit kry **VOOR** die einde van **OKTOBER.** Dit is 'n vereiste vir die ARGIEF van die kerk wat lidmate van die NG Kerk sentraliseer. Dit word hanteer as absoluut vertroulik en ons wil u gerusstel dat dit te alle tye so hanteer sal word. Dit gaan 'n aansienlike hoe-veelheid werk bespaar en ons sal dit waardeer as ons u samewerking hiermee kan kry.




Skakel my vir die koop
en verkoop
van eiendomme in
Lyttelton, Kloofsig en
Pierre van Ryneveld

**Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos**

# DIE HEROUT

**Sondag, 31 Oktober 2010**

**Hartlik welkom in die erediens vanoggend**

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

**SONDAG, 31 OKTOBER**
Hervormingsondag/Oesfees
Deurkollekte Motorwag
09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kinderedienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

**MAANDAG, 1 NOVEMBER**
19:00 Bedieningspanvergadering

**DINSDAG, 2 NOVEMBER**
09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
18:30-21:00 Delta-kursus

**WOENSDAG, 3 NOVEMBER**
17:00 Biduur

**DONDERDAG, 4 NOVEMBER**
09:00 Bybelstueie Senior Lidmate

**VRYDAG, 5 NOVEMBER**
18:00 OppiKoffie

**SATERDAG, 6 NOVEMBER**
08:00-16:00 Ontdek jou Potensiaal

**SONDAG, 7 NOVEMBER**
Deurkollekte Noodleniging
09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
**Nagmaal**
09:00 Kinderedienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

**MAANDAG, 8 NOVEMBER**
19:00 Bedryfspanvergadering

**DINSDAG, 9 NOVEMBER**
**09:00** Sustersbiduur/Bybelstudie
18:30-21:00 Delta-Kursus

**WOENSDAG, 10 NOVEMBER**
17:00 Biduur
19:00 Ouderlinge Vergadering

**DONDERDAG, 11 NOVEMBER**
09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

**VRYDAG, 12 NOVEMBER**
19:00 Diakonievergadering (Afsluiting)

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

### VOORBIDDING

1. Pieter en Lettie Hambridge, DF Malanln met Pieter wat 'n heup-operasie ondergaan het en tuis aansterk (Blok 3).
2. Siep en Anna Siepker, Van Riebeeckln 45 met Siep wat opgeneem is vir 'n heup-operasie (Blok 4).
3. Koos en Helna Jordaan, Van Riebeeckln 69 met Oom Koos wat beroerte gehad het en nou bedlêend is (Blok 3).

### *ATTESTATE ONTVANG*

Vanaf Pierre van Ryneveld:

Elizabeth Anna Rochér (nou Erasmus)

Jacob Louwrens Carolis Erasmus

Hulle woon in Hans Strijdomln 192 (Blok 2).

Hartlik welkom terug by Lyttelton-Oos. Ons hoop julle sal baie gelukkig wees by ons.

## *BERADINGSAKSIE*

Daar is ’n groot behoefte om ’n beradingsaksie op die been te bring. Opleiding vir vrywilligers in samewerking met Mon Ami Trauma Troops word beplan vir Februarie 2011. Die behoefte word al groter en gaan nog groter word met die tyd.

Daar word gesoek na manne en vroue wat werklik ’n begeerte het om met mense te werk en bereid sal wees om middernagtelike ure op te staan om van hulp te wees met getraumatiseerde individue sowel as gesinne.

Ons ressorteer onder Sektor 2 van Lyttelton Polisiestasie en gaan ook deel vorm van Lytcom. Daar is reeds 'n Beradingseenheid gestig by Lyttelton Polisiestasie met 'n beradingskamer asook 'n oornag kamer indien dit nodig sou wees. Daar sal ook noue samewerking met ons CMR by die kerk wees. Dit moet in gedagte gehou word dat ons nie opgeleide beraders is nie. Ons word "Coatchers" genoem. Ons is daar om te luister, te evalueer en by te staan. Indien die situasie dit regverdig, word die persoon/persone verwys vir professionele hulp.

Hierdie is net 'n kort oorsig en ons vertrou dat daar genoeg lede gaan wees wat van hulp kan wees sodat ons mekaar gereeld kan aflos.

Kontak my gerus vir meer inligting asook as u 'n behoefte het om met iemand te gesels wat net luister. Alle gesprekke word streng vertroulik hanteer.

Kontak: Madelaine Steyn
Sel: 082 354 2455 / Faks: 012 664 7278
e-pos: henniesteyn7@telkomsa.net

vra nie.

Ek vra net vir u, Here, want u weet. U móét weet, want u het dan alles gemaak.

Of het ék hierdie omstandighede gemaak? Is dit my skuld dat ek hier is? Is dit iets wat ek gedoen het en nou verdien ek om arm te wees? Miskien nog ek, Here, maar nie my kinders nie! Hulle het mos nie gevra om hier te wees nie. Hulle het mos nie gekies nie…

Hoe maak u kinders en laat hulle doodgaan van koue … doodgaan omdat hulle nie medisyne kan kry wat die siekte stop nie? Hoe laat u kinders vanaand honger gaan slaap omdat hulle ma net water het om te kook? Hoekom laat u toe dat wrede, ryk kinders hulle spot uitspoeg na dit wat ons huis noem? Hulle weet nie wat hulle doen nie! Hulle weet nie hoe hulle woorde, wrokke en wrakke van ons harte maak nie. Vergewe hulle, Here, want hoe móét hulle weet? En hoe kán jy, as jy alles het, jou in mense se nood indink of inleef of invoel?

Maak my kinders sterk, Here, want hulle maak my sterk. Ek wil ook opstaan as ek sien hoe hulle elke dag sonder kla of moeg raak of inkrimp op hulle voete bly en selfs trots bly. Ja, hulle lag nog, hulle hoop nog. Ek wil selfs sê hulle vertrou nog op my as ma wat maar sal sorg en sal voorsien soos wat u vir my gee om te kan voorsien. Hulle leef met 'n verwagting. Hoe kan ek dan opgee? Ek kan mos nie.

Nee, solank as wat u my genadig is en ek vandag oorleef, sal ek maar weer opstaan môre en sal ek veg vir die môre daarna vir my kinders. Ek sal môre weer my kinders vertel daar kom iets goed hierna, al kan ons dit nog nie sien nie en al kan ons dit nie eers dink nie, want op 'n manier glo hulle dit. Al leef ons hier eenkant waar die lewe ons weggegooi het. Al reën dit weer en muf dit verder en al koop niemand meer my “scrap metal” of “tip” my vir die karre wat ek oppas nie. Ek kies lewe! Ek kies dit, want dis in my bloed en dit loop deur my are en deur die eeue. En dit loop deur ons geskiedenis en deur elke uithoek van hierdie land. Dit loop deur my en dit loop ook deur Oom Bertus wat die kos bring, Sarie wat treur, Liena wat te veel drink, Pieta wat 'n brandweerman wil word en selfs Magda wat wag om dood te gaan.

Lewe. En hoop. En geloof. Wees ons genadig, Heer, terwyl ons bewerig en bang die lewe kies.

## UIT DIE HART VAN ’N MOEDER

(Geskryf uit ’n plakkerskamp in Pretoria)

Ek stap vanoggend weg van die plek waar dit dié slag Sarie se beurt was om haar kindjie te begrawe, sommer hier in die kamp, op 10 Julie 2010. Sal iemand ooit weet of onthou klein Jana was ook vir 'n rukkie, 'n volle 16 maande, hier op aarde, of beteken dit as jy arm is en jy gaan sommer dood van koue, dat dit nie saak maak nie en dat die lewe maar net moet aangaan sonder jou, sonder om jou te mis of om 'n gat te los? In Sarie se hart het haar kind se dood 'n gat gelos – vir ewig. Die winter het ons gevang hierdie jaar.

Ag, Here, hoekom is ek hier? Hoekom is my lewe en my kinders en my hele bestaan opgesom in 'n vuil, gemufde tent vol uitgooigoed en vrot goed? Ek leef en oorleef met ander mense se weggooigoed op hierdie godverlate vlaktes waar nie eers 'n boom of gras se wortels wil vat nie. Niks wil hier wees nie, niemand moet hier wees nie… Die kamp en sy mense en die moedeloosheid is besig om my siel lagie vir lagie af te skil tot daar niks van my gaan oorbly nie. Dit maak my dood, maar op ander maniere as wat honger of siekwees jou dood maak. Dit maak die rede dood en die rede vir opstaan en die rede vir weer probeer. Dit maak dit net dood.

Daar was vandag niks om te eet nie. My maag het al so gekrimp dat ek net een keer 'n dag hoef te eet. Ja, om te dink daar was 'n tyd wat ek maer wou wees. Ek wonder of dit my maag of my hart is wat pyn, want sien, Here, ék kan nog honger gaan lê, maar ek kan nie my kinders so sien nie! Dis 'n pyn wat jou lyf nie kan vat nie! Ek het vanaand net water op die gel-stofie gekook tot Magrietjie en boetie, Jan, op die ou end aan die slaap geraak het. Hulle het bly wag en mamma vertrou en nie eers gevra of getwyfel nie. Ek kon nie sê hier’s niks om te eet nie.

Die kerk se mense het oor die naweek die afvalkos gebring wat Checkers uitgooi, maar wat jy nog kan eet – en jy sal dit eet, selfs al stink dit soos iets wat die varke moet eet. Jy grawe die beste uit vir jou kinders en jy eet dit. Dit het gehou tot gister, maar vandag was daar niks.

Ek probeer, Here, regtig, ek probeer. Ek versamel “scrap metal” en ek pas die mense se karre op by die Spar en soms kry ek 'n “tip” of 'n brood, maar ek vra nie ander mense om agter my te kyk nie, regtig! Ek sál nie vra nie! Ek kán nie, Here, ek voel ek mág nie! Ek sal eerder iets by iemand vat en u my laat straf – al is armwees genoeg van 'n straf, Ek sal eerder nóg straf vat, maar ek kán nie 'n ander mens vir iets vra nie. Asseblief, Here, moet my nooit so armmaak, dat ek iets moet



## *BEELD KINDERFONDS*

Beeld se Kinderfonds begin in Oktober en duur tot Februarie 2011.

Lidmate word aangemoedig om tot die fonds by te dra. Dit is egter belangrik dat u as u fondse oorbetaal, duidelik die gemeente se naam en adres ook deurgee.

Individue wat anonieme bydraes maak moet ook asseblief hulle gemeente aandui sodat die fondse ook weer reg deur Beeld geallokeer kan word.
Let daarop dat vir elke R1.00 wat inbetaal word, word daar R1,48 aan CMR oorbetaal.

Die gemeente of individuele bydraes moet direk aan die Beeld betaal word en ’n afskrif van die inbetaling moet aan Sandra Kruger by (012) 361 4626 gefaks word.

BANKBESONDERHEDE BEELD KINDERFONDS:

Absa : Rekeningnommer 28-976-277
Faks bydrae na (011) 22 976 2277 (BEELD)
Faks bydrae na (012) 361 4625 (Sandra—CMR Gauteng-Oos)

Baie dankie vir u ondersteuning

CMR GAUTENG-OOS

## *MôREMARK DIENSSENTRUM*

## *SATERDAG 20 NOVEMBER 2010*

Uitstallers word genooi om hul ware te kom uitstel. U betaal slegs R100 vir die tafel. Al die profyt is die uitstaller s’n. Een of meer uitstallers mag ’n tafel deel. Die Dienssentrum sal ook ’n bydrae lewer in die vorm van gebak.

Uitstallers moet asseblief voor einde Oktober bespreek. Kontak vir Coreen by (012) 664 5754 of Patsy by (012) 644 2736

**Wil jy graag dien maar jy weet nie waar nie?**
**Wil jy weet wat jou talente en spesiale vermoëns is?**

## ONTDEK JOU POTENSIAAL

Kom vind uit waarmee die Here jou toegerus het
Ontdek jou onontginde natuurlike vermoëns en talente
en jou unieke samestelling
Kry duidelikheid oor jou beroepskeuse
Leer hoe om talente om te sit in areas van uitnemendheid
Verneem waar jy 'n unieke bydrae kan lewer
**Werkswinkels hierdie jaar:** 6 November 2010 (08:30—15:00)
Koste: R290
(Sluit in: 'n internet-toets wat vooraf gedoen moet word;
kursusmateriaal, verversings en 'n middagete)

***Skryf in deur:***

- 'n SMS met jou naam, van en e-pos adres te stuur aan 0835560532
- Die inskrywingsvorm op die internet te voltooi by http://www.lytteltonoos.org.za/nuus/potensiaal2010.html#inskryf (die skakel op die tuisbladsy is regs)
- 'n Terugvoervorm te voltooi by die inligtingstafel na die diens tydens tee.
- Bywoning op ons Facebook bladsy aan te dui (soek vir NG Gemeente Lyttelton-Oos)

# *Alpha*

'n Geleentheid om die betekenis
van die lewe te ontdek
20 Januarie 2011—24 Maart 2011
Elke Donderdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees
Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan
of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm
Almal is welkom! Nooi gerus alle ander (familie, vriende, kollegas) wat nog die Alpha-kursus bygewoon het nie.
Vat vyf: identifiseer vyf persone wat nie die Here of die warmte en liefde van 'n geloofsloofsgemeenskap ken nie
en bou 'n verhouding met hulle op.
Nooi hulle om die Alpha-kursus by te woon.



# LYTCOM

Lytcom is 'n Gemeenskap Polisiërings Forum wat die gemeenskap van Lyttelton-Oos mobiliseer en organiseer om misdaad te bestry ten einde die woonbuurt veilig te maak vir die inwoners. Lytcomlede in samewerking met die SAPD, Metro Polisie en veiligheidsmaatskappye ry snags gereeld patrollies, hanteer probleem-situasies soos leë erwe, misdaad "hot spots", identifisering van potensiële misdaadsituasies, straatligte buite werking, bied ondersteuning aan lede tydens misdaad insidente, ensovoorts. Ons versoek lidmate om dit te oorweeg om by Lytcom aan te sluit. U kan bloot net u inligting kosteloos op die databasis registreer en d.m.v. e-pos gereeld op datum gehou word van verwikkelinge en die maandelikse nuusbrief ontvang of aansluit by die radionetwerk waar 'n vrywillige bydrae geld. Die aanbeveelde bydrae is R100.00 per maand. Raak betrokke by die beveiliging van u woonbuurt.

Lytcom CPF Sector 2.4
[info@lytcom.co.za]

Zone 1: Tussen Trichardt en Molteno
Zone 2: Tussen Molteno en Cantonments
Zone 3: Tussen Cantonments en Stasie
Zone 4: Tussen Stasie en Rivier

ZONE LEIERS:

Zone 1: Kobus Badenhorst (083 235 1084)
Zone 2: Ian Swanepoel (083 302 2905)
Zone 3: Braam Fourie (082 880 8528)
Zone 4: Gerrie Yzelle (084 768 7000)

## VERGADERINGS

Maandelikse vergaderings vind plaas op die eerste Donderdag van die maand in die Gemeentesentrum van die NG Gemeente Lyttelton-Oos (h/v Van Riebeecklaan en Moltenoweg).

## BOMME KE MEDU
## Wortels van die Natuur
## CMR LYTTELTON : UITNODIGING

Die CMR Lyttelton en die verskillende handwerkgroepe in die omgewing bied eersdaags weer die jaarlikse werkswinkel en uitstalling vir die groeplede aan.

Alle persone is welkom om die werkswinkel by te woon of om net die uitstallings van die werk watdie afgelope jaar in die groepe gedoen is te besigtig.

'n Plekmatjie demonstrasie sal plaasvind asook praktiese raad om 'n organiese groentetuin te begin.

DATUM: 13 November 2010
TYD: 8:30
PLEK: NG Gemeente Lyttelton , H/v Burgerlaan en Langebrinkweg, Lyttelton